UITGAWE:
05
Julie
2026

Kruispad Families

Hierdie uitgawe:

Tweede Skoolkwartaal B.2

Gym & Speelkamer B.3

Julie: ’n Winter van Vloed en Herstel

Ons is halfpad deur ons derde winter by Kruispad Families. ’n Baie koue winter wat die grootste vloed en oorstroming in die geskiedenis van ons dorp, Bonnievale, gebring het. Reg rondom ons was die skade en verliese aan eiendom astronomies groot. Boorde en landerye is grond en al weggespoel. Honderde mense is dakloos gelaat en het alles verloor.



Kruispad se seunshuis is bykans ’n kilometer weg van die rivier, maar selfs ons is geraak deur die vloedwaters van die Breërivier. Ons is dankbaar dat ons geen verliese gehad het nie, behalwe vir ’n erf wat heeltemal oorstroom het en vir weke lank onder ’n laag modder was. Met die vloedwaarskuwing wat uitgegee is, het ons gedink ons is veilig en ver genoeg van die rivier af, maar later die nag moes ons die huis ontruim en die seuns na ’n veilige plek neem. Slegs ek het agtergebly om te verseker dat ons plek opgepas word. Die water het opgestoot tot waar die onderste derde van ons huis in die water was, maar gelukkig is die fondasies redelik hoog en het geen water in die huis ingekom nie. Die volgende oggend kon die seuns terugkeer, en ’n paar dae later kon ons begin met die opruiming.

Tweede Skoolkwartaal:

Prestasies en Uitdagings

Ons tweede skoolkwartaal is afgehandel, en ons kan met trots sê dat die meeste van ons 13 kinders met goeie rapport huis toe gekom het. Ongelukkig was daar drie kinders wat nie die eksamen geslaag het nie. Wiskunde en Engels is ’n swakpunt by die meeste van die kinders. Die agtergrond waaruit hulle kom het natuurlik ook ’n groot invloed op hulle selfbeeld en prestasies.

’n Groot rol van Kruispad Families is om die kinders selfwaarde te leer, en dat hulle nie moet toelaat dat hulle verlede en omstandighede ’n struikelblok word nie, maar eerder ’n stepping stone om hoër hoogtes te bereik. Ons leer die kinders dat jy nie altyd die rigting van die wind kan bepaal nie, maar dat jy jou seile kan stel om met die wind in die regte rigting te vaar.

Beogan Pietersen: ’n Jaar vol Hoop

Ons tweede skoolverlater, Beogan Pietersen, het sy finale jaar-afskeid gehad. Beogan maak aan die einde van die jaar klaar met sy skoolloopbaan by Jakes Gerwel Tegniese Skool. Hy het aan die begin van 2024 sy intrek by Kruispad Families se seunshuis gedoen. Beogan was nooit by ’n skool ingeskryf nie, en sy geboorte was nooit geregistreer nie. ’n Weldoener in die dorp het hom gehelp om op 15-jarige ouderdom vir die eerste keer in ’n skool te kom. Ten spyte van die groot agterstand waarmee hy moes begin, doen hy besonders goed op skool. Ons is saam met hom opgewonde oor die moontlikhede van volgende jaar. Vir Beogan is dit steeds ongelooflik dat hy, wat eens geen hoop op geleerdheid of ’n toekoms gehad het nie, nou op die vooraand staan om sy skoolloopbaan te voltooi. Hy het nooit gedink hy sou ’n finale jaar-afskeid bywoon in ’n deftige pak klere nie, of dat hy die werksmag sou kon betree met ’n skoolkwalifikasie agter sy naam.



Wintervakansie:

Tuis Bly en Handewerk

Die skoolvakansie was maar stil. Gewoonlik vat ons die kinders op daguitstappies see toe, of doen ’n wandelroete, of hou piekniek in die berge.

Met die wintervakansie het ons egter besluit om tuis te bly. Met die dieselpryse wat wêreldwyd die hoogte inskiet, en die bitter koue winterweer, het ons moed vir uitgaan bietjie geknou. By die seunshuis het ons in die tuin gewerk en ’n bietjie onderhoud aan die huis gedoen. Dit is altyd goed om vaardighede te ontwikkel en trots te kweek in wat ons doen. Ons glo ook daaraan om te doen wat jy self kan doen, sonder om iemand anders te betaal vir iets wat jyself kan verrig.



Nuwe Dubbelmotorhuis: Gym & Speelkamer

Ons is baie bly en dankbaar vir die aanbouing aan ons ou motorhuis wat afgehandel is. Te danke aan ’n borg wat vir ons ’n skenking gegee het, kon die enkelmotorhuis omskep word in ’n dubbelmotorhuis. Die motorhuis sal gebruik word vir die stoor van ons bussie, maar ook as ’n gym en speelkamer vir die seuns. ’n Privaat skenker het vir ons ’n hele klompie gymtoerusting geskenk. Die seuns, veral die ouer seuns, is baie opgewonde oor hulle eie privaat gym en oefen getrou elke aand. Ons beplan nog om ontspanningstoerusting soos tafeltennis en ’n dartbord in te sit vir die meer ontspanne deel.

Dogtershuis: ’n Nuwe Studeer- en Ontspanningskamer

Ons kon ook verlede jaar die ou motorhuis by die dogtershuis omskep in ’n studeer- en ontspanningskamer met ’n donasie van een van ons borge. Die dogtershuis is baie klein, en die ekstra spasie maak ’n groot verskil vir die dogters veral vir hulle studies.

Nuwe Seuns:

Nikeewin & Ashwin

Ons het ’n nuwe seun gekry: Nikeewin Mattheys het kom hulp soek nadat hy by die huis uitgesit is waar hy gewoon het. Hy kom uit ’n enkelouergesin met geen vaste inkomste. Na drie maande is hy weer herenig met sy grootouers en woon hy nou weer by hulle. Skaars was Nikeewin uit, toe kry ons weer ’n nuwe aansoek. Ashwin Baadjies woon saam met sy ma in die plakkerskamp. Sy ma het geen vaste werk of inkomste nie. Soos in soveel gevalle beland ouers dan in drank- en dwelmverslawing, en word min tot geen aandag aan die kinders gegee. Ashwin toon potensiaal om iets van sy lewe te maak as hy die geleentheid kry. Ons is opgewonde om deel te wees van die nuwe pad wat vir hom moontlik geword het.

Mandela-dag: Bederf en Dankbaarheid

Op Mandela-dag het ons besoek gehad van een van ons plaaslike suiwelfabrieke, en is ons geseën met baie bederf — van sappies tot botter en kaas. Ons wil hiermee ook sommer baie dankie sê aan elkeen van ons borge. Sonder julle sou ons nie in staat gewees het om hierdie kinders die veilige huis te gee wat ons nou wel kan bied nie. Elke skenking en borg, hoe groot of hoe klein, is vir ons kosbaar en maak ’n reuse verskil in ons en die kinders se lewens. Ons glo dat wat in hierdie kinders se lewens gesaai word, nie net ’n impak op hulle lewens sal hê nie, maar dat die verandering in hulle karakter en sienswyse ook ’n nalatenskap vir hulle nageslag sal wees.

Mag elkeen van ons borge die seën ontvang wat julle toekom.

‘n Woord van Dankbaarheid

Ons wil graag elkeen bedank wat saam met ons hierdie reis stap. Julle ondersteuning, gebede, skenkings en betrokkenheid maak dit moontlik vir ons om ’n veilige, liefdevolle ruimte vir ons kinders te skep. Elke handdruk, elke gebaar, elke bietjie hulp dra by tot ’n groter toekoms vir hulle. Ons waardeer julle meer as wat woorde kan sê, en ons is opreg dankbaar dat julle deel is van die Kruispad Families-gemeenskap.